

Boekbekendstelling
Ds Herman van den Berg

Almal is betrokke by die ekonomie

Roelf Haan
Theology and economics
Bybel-Media

Hierdie boek prikkel gedagtes en dwing tot ernstige nadenke. Veral in die huidige ekonomiese werklikheid in die wêreld, ook in Suid-Afrika, waar die spanning tussen kapitalistiese en sosialistiese denke en ideologie op byna elke forum hoorbaar en in elke lewensruimte tasbaar is, is hierdie boek 'n wekroep aan teoloë en gewone gelowiges om betrokke te raak by die debat oor die ekonomie. Die boek spoor aan tot betrokkenheid by mense as deel van ekonomiese betrokkenheid.

Waar Calvyn veral in die Suid-Afrikaanse konteks dikwels gesien word as die teoloog wat pleit vir die bestaande ekonomiese orde, en in 'n groot mate in die verlede gebruik is om die kapitalistiese denke te ondersteun, poog Haan in sy boek om die leser nuut te laat dink oor Calvyn se denke, sy betrokkenheid by veral die ekonomie, en dit in besonder uit die hoek van Calvyn as sosiaal-humanistiese teoloog.

Hy beklemtoon die invloed wat Calvyn en die Reformasie gehad het. Die gelowiges en Calvyn is self vervolgt en was vlugteling, en die Reformasie was ook 'n stryd teen die elite en besitters ten behoeve van diegene wat as die werkers en die laer klas gereken is, dikwels ongeletterdes.

Waar Calvyn volgens Haan krities met die teologie en die ekonomiese lewe omgegaan het, en hermeneuties die Woord van God en die situasie waarin mense geleef het laat meesprek het om die wil van God oor ekonomiese sake te laat hoor, het die Reformatoriese tradisie na Calvyn al meer afstand geneem van hierdie debat, en later en veral in die koloniale tydperk ondersteuners van die ekonomiese beginsels van kapitalisme soos gepostuleer deur Adam Smith geword. Neo-Calvinisme het ook in Suid Afrika die politieke en ekonomiese stelsels onkrities ondersteun, al was dit dalk net stilswyend.

Haan pleit vir 'n terugkeer na Calvyn se krities-hermeneutiese denke, waar die Woord van God die rigtinggewende krag is. Die gevolge van die ekonomie in die lewens van mense moet bevera word. Hy argumenteer dat mense en middele, soos grond en arbeid, tydens die modernisme uit die sfeer van God en geloof gerangeer is, en verword het tot werktuie en verbruiksmiddele in die ekonomie. Veral die koms van die tegnokratie, die oorwoekering van die ekonomie en politiek deur tegnologiese ontwikkeling, en uiteindelik die beheer wat die tegnokratie oor die ekonomie en die politiek uitoefen, is ontstellend. Selfs verkiesings word deur die tegnokratie bestuur, geveg en gewen, en daarna gee die tegnokratie die agenda en die doelwitte wat nagestreef word.

Haan dui die ontmensliking, maar tegelyk ook die ontgoddeliking van die ekonomiese diskoers aan, en pleit vir 'n verdieping van sowel die teologie as die ekonomie. Sonder om op die ander se terrein te oortree, bepleit hy 'n hermeneutiese proses waar die dieper vrae gevra word, die gevolge in besonderheid gesien word, en die wil van God nagestreef word.

'n Ekonomie wat die armes en noodlydendes nie raaksien as deel van die diskoers nie, sal nooit etiese ekonomie kan wees nie. Die doel moet atyd 'n beter ekonomie wees, waar die bronne, moontlikhede en vaardighede wat God gee, gebruik word om die *oikos*, die huis, te dien tot eer van God.

Haan steun swaar op die werke van ander teoloë en ekonome, en die 450 verwysings in die verwysingslys, die uitgebreide bibliografie, en die talle aanhalings in die teks toon die erns van sy denke asook die feit dat hierdie boek deel is van 'n groter diskoers wat by Calvyn en die Reformatore begin het, en tans in die brandpunt staan.

Haan is self 'n ekonoom, en die feit dat hy met hierdie werk homself op die teologiese terrein waag en dit met uitnemendheid doen, laat die leser besef dat teologie en ekonomie eintlik onlosmaaklik deel is van die nadenke oor dieselfde werklikheid, God se werklikheid. Haan maan egter dat die metodiek en epistemologie van albei wetenskappe ernstig geneem moet word, en die selfstandigheid daarvan gerespekteer moet word. Vir hom lê die terugkeer na Calvyn se denke juis in die verdieping van albei wetenskappe, in gesprek met mekaar, ons kan selfs praat van 'n hermeneutiese spanning.

Calvyn se denke oor die vra van rente, terwyl hy self eintlik daarteen gekant was, en die beginsels waarmee hy dan 'n nuwe ekonomiese werklikheid in sy tyd aanspreek deur die wil van God deur middel van sy hermeneutiese arbeid met die Skrif te soek, word deur Haan gebruik om te wys hoe ons ook in nuwe ekonomiese tye, met die groot spanning in die wêreld ekonomie, te werk kan gaan om God weer aan die woord te kry in ons debatte oor ekonomie. Hy wys daarop dat die wêreld se ekonomiese krisis juis gebeur het as gevolg van beginsels wat ons by Calvyn terugvind en wat nie gehandhaaf is nie.

Haan se oor vir die bevrydingsteoloë kan dalk diegene wat Calvyn ortodoks wil verstaan en uitlê afskrik, of onmiddellik met afkeur vervul, maar dit sou Calvyn, sy hermeneutiese aanslag en sy stryd as onderdrukte namens ander onderdrukte oneer aandoen.

Hierdie boek in sagteband, waarvan die teks self 181 bladsye beslaan, kos R130 en is veral in die Suid-Afrika van 2013 'n moet vir elke teoloog, en behoort ook op elke gelowige se wenslys te wees. Dit is ook as e-boek beskikbaar by www.biblemedia.co.za teen R91,95.